

# DIE SWART RENOSTER

## 'n SUKSESVERHAAL VAN BEWARING IN SWA

Deur Dr Eugène Joubert  
Departement Landbou en Natuurbewaring

**D**ie swartrenoster kom stadig in die voetpad langs gestap, die kop omlaag, the neusgate kort bokant die klipperige grond. Die reukspoor wat hy 'n paar dae vantevore nagelaat het, is duidelik waarneembaar. Sy gesig is beperk.

Op dertig treë kan hy nie veel sien nie, maar die gespitse ore is gedurig aan die beweeg om geluide op te vang en te evalueer. Tussen die gekwetter van die voëls, die veraf gerunnik van bergsebras en die sagte susing van die windjie is daar niks wat hom onrustig kan stem nie.

Hy steek by 'n doringbos vas en begin aan die takkies peusel. Die stilte van die vroeë oggend word skielik verbreek deur 'n dreungeluid wat al nader kom en indringender word. Die renoster ruk sy kop orent. Hy toets die wind, maar ruik niks vreemds nie. Die voëlgeluide word verswelg deur die steeds naderende, onverklaarbare lawaai. Die renoster snork en begin draf. Meteens is die geluid reg bokant hom en hy begin op volle vaart hardloop. Van die verdowingspyl wat die veearts vanuit die helikopter op hom afgevuur het en hom in die boud tref, weet hy nie eens nie. Minute later raak hy lomerig en gaan lê in die tipiese rustende posisie, kop op die voorpoot gestut. Van die aktiwiteite wat gedurende die volgende halfuur plaasvind, is hy onbewus. Dit is onder meer 'n inspuiting teen miltsiekte. Hy ontvang ook 'n kalmeermiddel, 'n bloedmonster word getrek en 'n plaatjie word aan sy oor geheg.

Die renoster in 'n spesiaal ontwerpte krat bo-op 'n vyf-ton vragmotor is binne 'n uur op pad na die veiligheid van die Nasionale Etosha-wildtuin. Die kalmeermiddels sorg dat hy maar net vaagweg bewus is van die ondersins onstellende bedrywighede wat om hom aangaan en die rit self.


Ná 'n reis wat twaalf uur kon geduur het, want daar word baie versigtig bestuur en kort-kort stilgehou om die toestand van die waardevolle vrag na te gaan, word die renoster by 'n aanhou boma in die Etosha afgelaai. Ná 'n aanpassingperiode van 'n paar weke word hy vrygelaat in die natuur.

Hierdie beskrywing verteenwoordig 'n gebeurtenis wat hom dikwels herhaal het gedurende die eerste drie jaar van 1970. In die beginjare was dit nie so maklik nie. Met die totstandkoming van 'n volwaardige navorsingsinstansie in 1963 is Mnr B.J.G.

de la Bat bevorder vanaf Okaukueja na Windhoek as die eerste Direkteur. Hy het onmiddellik sekere doelwitte opgestel. Een daarvan was om die voortbestaan van die skaars en bedreigde diersoorte van Suidwes-Afrika te verseker.

Bo aan die lys het die swart renoster verskyn. 'n Navorsing is teen die einde van 1965 aangestel en sy eerste opdrag was om 'n deeglike studie van die swartrenoster te maak. Sy terme van opdrag was om te bepaal hoeveel swartrenosters nog in Suidwes voorkom, wat hulle bevolkingsamestelling en verspreiding is, hulle lewensbehoeftes ten opsigte van voedsel en loopgebied, asook hulle gedrag. Kortom, alles wat moontlik kon help om hulle van uitwissing te red. 'n Mens kan tog nie 'n dier beskerm indien jy nie weet wat sy vereistes is nie.

Die studie het onstellende inligting openbaar. Die situasie ten opsigte van die renoster was baie meer kritiek as wat algemeen vermag was. Die verspreiding van die swartrenoster, wat vroeër oor die grootste deel van Suidwes voorgekom het, was nou beperk tot die noordwestelike hoek. Die totale bevolking van swartrenoster in 1966 was negentig diere. Die onrusbare was egter die verspreiding van hierdie diere. Net 17 persent was binne die gewysigde grense van die Nasionale Etosha-wildtuin soos voorgestel deur die Odendaal Kommissie. Die ander 83 persent het of op private grond of in kommunale of beoogde kommunale grondgebiede voorgekom. Dit was duidelik dat drastiese stappe nodig was om hierdie diere se



voortbestaan te verseker.

In 1966 is 'n wildvangseenheid geskep en in 1967 is die eerste renoster in die huidige Damaraland se voor-Namib gevang. Dit was 'n ambisieuse poging wat egter duidelik bewys het dat om 'n renoster te vang en oor te plaas na 'n ander gebied, makliker gesê as gedoen kon word. Verskeie metodes is uitgetoets, te perd en te voet. Die een wat die beste gewerk het, was om 'n renoster dop te hou, soms dae lank, totdat hy in 'n relatief oop en gelyk gebied inbeweeg het. Die voortvluggende renoster is van agter ingejaag met 'n voertuig. 'n Pyl is dan vanuit die stampende en rukkende voertuig op die renoster gevuur. Die eerste skoot was dikwels mis en indien dit wel raak was, het die meganisme in die pyl wat die verdowingsmiddel in die dier moes inspuut dikwels nie funksioneer nie.

Indien alles geslaag was, het dit die dier bykans 'n uur geneem voordat hy verdoof was. Dan het die werklike gespook eers begin. Die vragmotor met die krat op moes met 'n groot gesukkel nader gebring word na waar die verdoofde dier gelê het. Die krat, wat omtrent een ton weeg, moes met handekrag vanaf die bak tot op die grond voor die renoster gebring word.

Daarna is 'n tou om die renoster se nek vasgemaak, die renoster is 'n teenmiddel ingespuut en wanneer die dier sy bewussyn herwin het, moes die een span voor aan die tou trek en die ander klomp moes agter stoot.

Voordat die dier dan heeltemaal by sy volle bewussyn was, was hy in die krat. (In die praktyk het dit egter baie selde so goed verloop.) Hierna moes die krat dan wee: met brute krag en sweet op rollers gestoot word tot bo-op die bak van die vragmotor, waar dit dan met kables vasgemaak is.

Hierdie hele proses het soms tot ses uur geduur voordat daar met die reis begin kon word. Dit is te verstaan dat die dier blootgestel was aan spanning en irritasie.

Die heel eerste renoster het binne minute nadat dit in die aanhou boma by Ombika naby Okaukuejo losgelaat is, voor die oë van die verbaasde toeskouers die staalkables wat aan spoorstawe vasgesweis was, met sy horing losgebreek. Die swaar kreesoot-behandelde pale is soos vuurhoutjies uitmekaar gestamp. Die renoster het uit die boma gestorm, deur die wildwerende grensheining van Etosha gebars, die aangrensende plaas in. Die groot fees wat vir daardie aand op Okaukuejo beplan was, is

omgeskep in 'n tragiese *post mortem*. Die renoster is die volgende dag deur die wyle mnr de la Bat uit die lug met behulp van die departementele Super Cub vliegtuig opgespoor. Die dier is eers te voet en daarna te perd agtervolg voordat hy uiteindelik, nadat verskeie pyle afgeskiet is, verdoof is. Ná 'n oneindige gesukkel is hy weer eens in die herstelde boma losgelaat. Hy is egter 'n paar dae later dood aan bloeding op die brein.

Hierdie periode tot die einde van 1969 was 'n traumatiese tydperk vir die beamptes van Natuurbewaring. Die verdowingsmiddel wat beskikbaar was, was baie moeilik om aan te wend. Die gewig van die dier moes in die veld geskat word tot die naaste kilogram, waarna die dosis uitgewerk moes word. Daar was selde genoeg tyd vir sorgvuldige berekeninge. Het 'n mens 'n konserwatiewe skatting gemaak van die dier se gewig, was die middel nie sterk genoeg om die dier te verdoof nie en is hy onnodig blootgestel aan uitputting en spanning. Is die gewig oorskat, was die dosis te groot en is die dier dood as gevolg daarvan. Die middel wat gebruik was, het verder ook nie 'n baie doeltreffende teenmiddel gehad nie.

Daar is gedurende 1967 tot 1969 gepoog om vyf renosters oor te plaas, waarvan drie gevrek het. Almal was dit eens dat ons benadering sou moes verander. Dit was baie duidelik dat van moderne tegnieke en hulpmiddels gebruik gemaak sou moes word. In 1970 is die wildvangeenheid teen groot koste uitgebrei. 'n Veearts is aangestel om spesifiek beheer oor te neem. Twee vierwiel-aangedrewe vyfton vragmotors is aangekoop met 'n spesiale tipe bakwerk wat deur middel van 'n hidrouliese stelsel, met renosterkrat en al, plat op die grond kon neersak.

'n Meer betroubare tipe van verdowingspyl is verkry. Daar is besluit om van 'n helikopter gebruik te maak gedurende die renostervangoperasie. Dit het die voordeel gehad dat die renosters vinniger opgespoor kon word, en bykans onmiddelik verdoof kon word. In die vyf tot tien minute wat dit die dier geneem het om op die verdowingsmiddel te reageer, is hy stadig met die helikopter aangekeer na 'n geskikte terrein vir die oplaaislag. Die belangrikste enkele faktore was egter dat daar 'n nuwe, baie veiliger verdowingsmiddel met 'n besondere doeltreffende teenmiddel op die mark verskyn het. Dit was nie meer nodig om die dier se gewig so pynlik akkuraat te skat nie en die moontlike



skadelike uitwerking wat 'n oordosis kon gehad het is geneutraliseer deur die teenmiddel. Gedurende 1970 is twintig swartrenosters in die Ugabvallei verdoof. Die een renoster het, nadat die verdowingsmiddel begin werk het, oor 'n kransie geval en haarself sodanig beseer dat sy gevrek het. Dit was die enigste verlies. Die volgende jaar (1971) is 21 renosters gevang en suksesvol oorgeplaas. In die verskillende verspreidingslokaliteite is die renosters van 'n kant gevang — koeie, kalwers en bulle. Die renosters is hoofsaaklik by Otjovasandu en Halali losgelaat. In die daaropvolgende jare is nog ongeveer tien suksesvol oorgeplaas.

Hierdie hele operasie was 'n reuse sukses. Saam met die aanvanklike bevolking in Etosha het die nuwe "immigrante" 'n baie sterk aandeelkern gevorm en vandag word daar amptelik gemeen dat daar ongeveer 300 swartrenosters (konserwatief geskat) in die Nasionale Etosha-wildtuin is.

Volgens betroubare inligting is daar tans slegs 46 swartrenosters in Suidwes-Afrika buite die grense van Etosha, met ander woorde ongeveer 15%. Behalwe dus, dat die totale getal swart renosters in Suidwes-Afrika drievoudig toegeneem het sedert 1966, bevind 85% van die bevolking

hulle binne die grense van die Nasionale Etosha-wildtuin.

Aangesien die amptelike doelwit, naamlik om die voortbestaan van hierdie diersoort in Suidwes-Afrika te verseker, dus geslaag was, kon die Departement sy aandag toe verskuif na ander bedreigde diersoorte soos die swartneuroobok, bastergembok, basterhartbees om 'n paar te noem.

Volgens ou beskrywings en ander beskikbare literatuur het swartrenosters in Afrika voorgekom vanaf die kus tot 4 000m bo seevlak, in woestyngebiede en savanna-vlaktes tot in die reënwoede van die bergreekse van sentraal Afrika.

Met die eerste oogopslag het die verspreiding van swartrenosters in Suidwes-Afrika ook 'n verwarrende verskeidenheid van geografiese en veldtipes getoon. 'n Mens kon hulle aantref kort duskant die kus in rivierlope wat deur die Namib woestyn sny, op die vlaktes van die voor-Namib, in die bergagtige eskarpment asook op die groot sentrale plato van Suidwes-Afrika. Wanneer die graad van digtheid van hulle verspreiding egter geneem is as maatstaf van hulle voorkeur loopgebied, was dit duidelik dat hulle die doringveld van die gebroke eskarpment verkies het.

Tydens die studie het die Nasionale

Etosha-wildtuin gestrek vanaf oos van Namutoni tot 480 km verder wes teen die Atlantiese kus. In hierdie hele strook, waar die renoster 'n vrye keuse kon uitoefen, was die grootste konsentrasie rondom en in die ranteveld wes van Otjovasandu. Vandag nog word die grootste konsentrasie van swartrenosters in daardie gebied aangetref.

Die swartrenosters is in wese anti-sosiaal. Die bulle loop gewoonlik alleen, terwyl die koeie normaalweg vergesel word van 'n kalf en soms die vorige kalf, indien dit 'n vers was. Die bul sluit gewoonlik net by die koei aan wanneer sy in oestrus kom ná die geboorte van die kalf. Hulle sal dan vir 'n periode van 'n paar weke saam rondbeweeg. Die tydperk van dragtigheid is ongeveer 15 maande, en sy het gewoonlik elke 27 maande 'n kalf. Die watergat speel 'n belangrike rol in die sosiale lewe van die swartrenosters. Omdat hulle alleenlopers is, is sosiale kontak normaalweg beperk tot om die watergat. Dit is hier waar die bul gewoonlik agterkom dat 'n koei in oestrus is. Met die watergat as sentrale punt is daar dan 'n groot aantal voetpaaie wat weglei na hulle weigebiede toe. Die grootte van die weigebied hang in 'n groot mate saam met die beskikbaarheid van voedselplante en die bevolkingsdigtheid van die renos-

